# SATAN
# SE VERWARRENDE NABOOTSINGS

Joe Crews

Kopiereg © 1980 deur
Joe Crews

Alle regte voorbehou.

In Afrikaans vertaal deur
Anita van Deventer

Vir gebruik in die
Transvaal Konferensie

Buiteblad deur Allen Hrenyk

Hersiene Uitgawe

# Satan se Verwarrende Nabootsings

Veronderstel dat u die hele Bybel in slegs twee woorde moet opsom. Watter woorde sou u kies? Ek het hieroor nagedink en ek glo dat *sonde* en *verlossing* die mees akkurate antwoord mag wees. Per slot van rekening het Satan baie vroeg op die toneel verskyn om die mens te laat sondig en van sy verlossing te beroof. Terloops was dit ook die keerpunt vir die menslike familie. U sien, God het alles op gehoorsaamheid gebaseer. Hy het al daardie wonderlike gawes voorsien – lewe, regverdige karakter, heerskappy oor die aarde, en 'n pragtige tuiste in die Tuin. Toe het Hy belowe dat daardie seëninge ononderbroke sou voortduur op slegs een voorwaarde: Gehoorsaam en leef, verontagsaam en sterf.

Ons weet natuurlik wat op daardie ultimatum gevolg het. Adam en Eva het toegegee aan die versoeker en sonde het hierdie pragtige planeet vir die eerste keer binnegekom. En van daardie oomblik af het die groot stryd 'n onkeerbare werklikheid geword, tussen Christus en Satan, waarheid en dwaling, gehoorsaamheid en ongehoorsaamheid. Elke boek en hoofstuk van die Bybel is deurweef met God se groot plan om die mens terug te bring na die oorspronklike houding teenoor

gehoorsaamheid waarvan hy afgedwaal het. “En jy moet Hom JESUS noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos.” Mattheus 1:21. Sonde is natuurlik ongehoorsaamheid aan God se wet.

Soms het mense gevra, “Waarom bekommerd wees oor uiterlike dade en werke van die wet? Stel God nie meer belang in die hart as in die uiterlike optrede nie?” Dit is waar dat daardie dinge nie geskei kan word nie. Van die begin af het God gehoorsaamheid die hooftoets van liefde en lojaliteit gemaak. Niemand kan sê dat God nie omgegee het oor die gedrag van ons eerste ouers nie. Hulle uiterlike dade het ‘n verdeelde hart weerspieël. Dit is ook waarom Jesus gesê het, “As julle My liefhet, bewaar my gebooie.” Johannes 14:15.

Die fokus van die hemelse program is om die mens te verlos daarvan om God se wet te verbreek deur die inboeseming van ‘n agape liefde in die harte van ware gelowiges. Die heel laaste boek van die Bybel verwys weer eens na daardie selfde basiese vraag van gehoorsaamheid. Elke mens sal die seël van God of die merk van die dier ontvang. Weer sal die toets oor gehoorsaamheid aan die wet gaan. Die hoof karaktertrek van die verlostes, volgens die boek van Openbaring, is dat hulle die gebooie van God bewaar. Die voorwaarde wat God vir die mens gestel het om in Eden te bly, word die voorwaarde vir die mens om na die Paradys terug te keer. “Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat die *gebooie van God* en die geloof in Jesus *bewaar*.” Openbaring 14:12. “En die draak was vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomeling wat die gebooie van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou.” Openbaring 12:17. “Salig is hulle wat sy gebooie doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad.” Openbaring 22:14.

Die hoofsaak is dat God ‘n volk moet hê wat met die ewige lewe vertrou kan word.  Het u daaraan gedink dat diegene wat by die wederkoms van Jesus hemel toe geneem gaan word nog steeds die krag van keuse gaan behou?  Die Bybel verseker ons dat teistering nie vir die tweede keer sal voorkom nie.  Daar sal nie ‘n herhaling wees van hierdie 6,000-jaarlange bloedbad van tragedie en dood nie.  Nie omdat daar geen keuse sal wees nie, maar omdat God niemand hemel toe sal neem wat nie liewer sal wil sterf as om sonde te doen nie.  Die engele sal weet dat die hemel veilig is as gevolg van die ondervinding van die heiliges in hierdie wêreld voordat hulle onsterflikheid ontvang het.  Daar sal geen risiko wees van ‘n herhaling van hierdie nagmerrie van sonde nie.  Hierdie toetsondervinding op planeet aarde sal daarvoor sorg.

Satan se hele strategie is gebaseer daarop om mense te laat sondig.  Hy weet dat niks wat verontreinig God se koninkryk sal binnegaan nie, en sonde is die enigste iets wat verontreinig in God se oë.  Ek is daarvan oortuig dat Satan ‘n sekere beginsel verstaan het lank voordat die apostel Paulus dit in Romeine 6:16 neergepen het.  “Weet julle nie dat aan wie julle julself as diensknegte tot beskikking stel om hom gehoorsaam te wees, julle diensknegte is van hom aan wie julle gehoorsaam is nie – òf van die sonde tot die dood, òf van die gehoorsaamheid tot geregtigheid?”  Let asseblief daarop dat u ‘n dienskneg word van wie u ookal gehoorsaam.  Indien u God gehoorsaam, is u ‘n dienskneg van God;  en indien u ophou om God te gehoorsaam, hou u op om ‘n dienskneg van God te wees.  Die vyand se plan is om te verseker dat u hom gehoorsaam en sy dienskneg word.

Ek kan dit nie genoeg beklemtoon dat die duiwel nie omgee waarom u God nie gehoorsaam nie, solank as wat u dit net doen. U kan dit selfs in die naam van godsdiens doen, en sommige van die mees godsdienstige mense het dit dwarsdeur die geskiedenis

gedoen. Hulle dink inderwaarheid die mees godsdienstige redes uit vir ongehoorsaamheid. Jesus het herhaaldelik gepraat van diegene wat skuldig sou wees aan hierdie teenstrydige optrede. Hy het verklaar, “Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie? En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk.” Mattheus 7:22,23.

Jesus het hierdie trotse aanspraakmakers sorgvuldig geïdentifiseer as baie godsdienstige individue. Alles was in die naam van Jesus gedoen, maar teen die einde is hulle verwerp as onwaardig om die hemel binne te gaan. Waarom? Wat was hulle probleem? In die voorafgaande versie het die Meester dit duidelik uitgespel dat selfs al het hulle baie oor Hom gepraat, hulle nie “die wil van My Vader wat in die hemel is” gedoen het nie. Hul belydenis was kragtig, maar om God se wil te doen, het ontbreek.

Jesus was selfs meer spesifiek in Mattheus 15:9 toe Hy hierdie woorde tot die Fariseërs gerig het: “Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is.” Hoe moes dit nie daardie gehoor geskok het om vir die eerste keer te besef dat baie wat Hom aanbid het, verlore sou gaan. Hoe kan dit ooit verkeerd wees om God te aanbid, en waarom sou dit tevergeefs en waardeloos geag word? Jesus het verduidelik dat Hy dit nie kon aanvaar nie, omdat hulle Sy gebooie opsy geskuif het ten gunste van die gebooie van mense. Hoe interessant! Dit is duidelik dat Christus gehoorsaamheid erken as die hoogste vorm van aanbidding en die mees aanvaarbare.

Het iemand al ooit ‘n aanvaarbare verskoning gevind om God nie te gehoorsaam nie? Sekerlik het manne van die verlede verskonings uit die duim gesuig wat vir hulle goed geklink het. Ek dink aan Saul wie God se goedkeuring ontvang het as die eerste

koning van Israel.  Hy was ‘n groot en wonderlike man in baie opsigte.  Onthou julle egter wat gebeur het toe God hom gestuur het om teen die Amalekiete te gaan veg?  Daardie mense het so ontaard dat God Saul beveel het om hulle heeltemal uit te wis. Niks moes as aandenkings of buit teruggebring word van hierdie veldtog nie.  Die opdrag van God was duidelik en spesifiek.

Waarom dan het Saul besluit om sommige van die beste kleinvee te spaar?  Hy het sy verduideliking aan Samuel gegee nadat die profeet hom oppad huis toe van die slagveld af gekonfronteer het.  Samuel het gevra, “Daarop vra Samuel: Maar wat vir ‘n geblêr van kleinvee is dit in my ore en ‘n gebulk van beeste wat ek hoor?  En Saul sê:  Van die Amalekiete het hulle dit gebring, want die manskappe het die beste kleinvee en beeste gespaar om aan die Here u God te offer; maar die ander het ons met die banvloek getref.”  1 Samuel 15:14,15.

Ongeag hoe logies daardie woorde mag klink, hulle is gevul met slinkse beplanning en geveinsdheid.  Eerstens het Saul “die manskappe” blameer omdat die diere gespaar was, en so probeer om die verantwoordelikheid vir die daad van ongehoorsaamheid te verskuif.  Saul was egter in bevel, en hy het die opdragte van God ontvang.  Toe het hy probeer om dit as ‘n nietigheid af te maak, omdat “die res” van God se opdrag vervul was.  Slegs een klein afwyking het plaasgevind, waarom dus so ‘n groot bohaai daaroor maak, en buitendien was hierdie diere nie vir hulle nie, hulle moes gebruik word om God te aanbid!

Moenie die belangrikheid van daardie verduideliking miskyk nie.  Saul was *ongehoorsaam aan God ten einde Hom te kan aanbid!*  Het God so ‘n redenasie aanvaar?  “Kyk, om gehoorsaam te wees, is beter as slagoffer, om te luister beter as die vet van ramme.”  Vers 22.  Weer eens sien ons dat God gehoorsaamheid beskou as die hoogste vorm van aanbidding. Selfs al het Saul klaarblyklik die oortuigendste godsdienstige rede

gehad om ongehoorsaam te wees, het God dit summier verwerp en terselfdertyd ook vir Saul as koning oor Israel.

Word dieselfde ding vandag gedoen? Kyk rondom u wanneer die heilige ure van die Sabbat elke week aanbreek vir ‘n wêreld wat behoefte aan rus het. In die middel van Sy handgeskrewe morele wet het God die langste en mees gedetailleerde gebod van die hele Tien Gebooie ingeskryf. Dit was ook so eenvoudig uitgespel dat daar geen moontlikheid van verwarring bestaan het nie. “Maar die sewende dag is die sabbat van die Here jou God; *dan* mag jy géén werk doen nie.” Exodus 20:10. Selfs ‘n kind kan daardie woorde verstaan. Nogtans, wanneer die sewende dag elke week begin, is miljoene nog steeds in die besigheidswêreld besig om handel te dryf soos gewoonlik en oortree die duidelike, spesifieke bevel van God.

Wie is hierdie miljoene wat dit waag om die ondubbelsinnige geskrewe opdragte van hulle Skepper uit te daag? Baie van hulle is godsdienstige mense wat die volgende dag in die kerk sal wees om liedere te sing, te bid, offergawes te gee en neer te kniel om die God te aanbid wie se wet hulle elke week oortree. Sommige besef dalk nie dat hulle ‘n heidense tradisie vereer bo die gebod van God nie, maar baie is wel bewus daarvan dat hulle een van die ewige wette van God oortree. Van diesulkes het Jesus met verontrustende openhartigheid gepraat: “Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is.”

Vir jare as ‘n evangelis het ek geluister na die rasionalisering van godsdienstige mense waarom die Sabbat verbreek word. Baie van hulle het in werklikheid vroom en opreg voorgekom en het groot liefde vir God bely. Het hulle Hom egter regtig lief? Die probleem is dat daar vandag so ‘n oppervlakkige, sentimentele definisie vir liefde is. Almal van ons het die gewilde bufferplakkers gesien wat met vrymoedigheid sê “Glimlag as jy Jesus liefhet,” of “Toet as jy Jesus liefhet,” of “Wuif as jy Jesus

liefhet." *Dit is egter nie wat Jesus gesê het nie.* "As julle my liefhet, hou my gebooie." Dit is nou geloofwaardig! Dit is opreg. Die oppervlakkige onsin van baie moderne godsdienste weerkaats enigiets behalwe liefde.

## Twee Strategieë van Satan

Hoe bewerkstellig Satan sy program om selfs die mees godsdienstige mense te laat sondig? Voordat ons sy twee mees effektiewe strategieë beskou, moet ons verstaan dat ons te doen het met die grootste vervalser wat nog ooit gelewe het. As die aardsbedrieër gebruik hy dikwels 'n mengsel van goed en kwaad om sy doel te bereik. Hy gee selfs nie om om die Skrifte te gebruik indien dit kan dien om 'n uiteindelike doel te bereik nie.

Satan het nie die Bybel geskryf nie, maar hy het oor die skouers geloer van die manne wat dit geskryf het en het elke stukkie daarvan gememoriseer. Hy het hierdie tekse dikwels aangehaal, soos wat hy met Jesus tydens die versoekings in die woestyn gedoen het. In daardie geval het hy nogal die Psalmis korrek aangehaal dat engele sal beskerming bied, sodat 'n voet nie teen 'n klip gestamp sal word nie, maar het egter die teks verkeerd aangewend deur by Jesus aan te dring om voorbarig van die tempeldak af te spring deur te vertrou dat die engele Hom sou red.

Hierdie slim set om die Skrif te verdraai, vorm die basis van die twee spesiale slenterslae wat Satan gebruik om te verseker dat Christene die wet van God oortree. Die eerste argument klink so: Aangesien die Bybel sê "Salig is die wat sy gebooie doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe," is die belangrikste ding om gered te word om die wet te gehoorsaam. Openbaring 22:14. Indien ons net dit in alle opsigte goed genoeg kan doen, sal ons kwalifiseer vir die ewige lewe.

Klink dit bekend? En is daar enige waarheid in so ‘n argument? Inderdaad is dit baie belangrik om die gebooie te gehoorsaam. Is daar egter ook ‘n sterk foutiewe beginsel in hierdie geloof ingeweef? Die feit is dat niemand hulleself goed genoeg kan maak om verlossing te verdien nie. So ‘n leerstelling word as wettiesheid beskou in direkte teenstelling met God se manier om gered te word. Dit is die fondament van elke nie-Christelike godsdiens en het miljoene belydende volgelinge van Christus gelei tot ‘n noodlottige dwaling.

U mag egter vra hoe so ‘n leerstelling kan lei tot verdere oortreding van God se wet. Sou dit nie weliswaar meer mense motiveer om die gebooie noukeurig te onderhou ten einde gered te word nie? In hierdie geval is die antwoord nee. U sien, Satan weet baie goed dat dinge verander het sedert die Tuin van Eden.

Dit was duisend keer makliker vir Adam om gehoorsaam te wees as vir ons. Hy het ‘n rein, ongevalle natuur gehad sonder enige neiging tot sonde, en al sy versoekings het van buite homself gekom. Met ons oorgeërfde gevalle natuur kom ons grootste versoekings van binne. Satan het egter miljoene oortuig dat ons sonde kan vermy, net soos wat Adam en Eva dit kon doen, deur harder te probeer om God te gehoorsaam. Hulle probeer dus manmoedig om meer beheer uit te oefen oor hulle sondige neigings en faal keer op keer in hulle vleeslike pogings. Uiteindelik besluit hulle dat dit onmoontlik is om die oorwinning oor sonde te behaal en dat God nie iets sal vereis wat nie gedoen kan word nie. Die gevolg is dat God se wet meer en meer oortree word.

Dink vir ‘n oomblik na oor hierdie gedagte: Veronderstel dat u elkeen van God se gebooie van hierdie oomblik af vir die res van u lewe kan onderhou. Met ander woorde, u sal nie ‘n enkele fout maak of nog ‘n sonde pleeg vir die res van u lewe nie. Sal dit u red? Natuurlik nie, omdat u alreeds sonde gepleeg het voordat

u met hierdie program om voortaan volmaak gehoorsaam te wees, begin het. U het dus reeds die doodstraf verdien deur daardie oortredings van die verlede. Geen mate van goeie gedrag kan die rekord van u verkeerde optredes van die verlede verander nie.

Die waarheid is dat slegs een mens ooit na hierdie wêreld gekom het en 'n absoluut volmaakte lewe geleef het sonder om een enkele sonde te pleeg. Jesus was sonder smet of blaam. Ons verslag is bevlek en wasig deur herhaalde mislukkings om aan God se standaard van totale gehoorsaamheid te voldoen. Nie een van ons kan voor God staan op die grondslag van ons verslag van die verlede nie. Ons weet dat God niks anders as volkome regverdigheid, of om reg te lewe sal aanvaar nie, en geeneen het so 'n verlede nie. Tensy ons nie op een of ander manier die krediet teen ons rekening vir daardie heilige, onbevlekte lewe van Jesus kan verkry nie, is daar nie die geringste moontlikheid vir ons om gered te word nie. Hoe dankbaar behoort ons nie te wees nie dat so 'n reëling reeds moontlik gemaak is deur die genade van ons Here Jesus Christus.

Een van die verstommendste tekse wat in die Bybel gevind word, is in Romeine 5:10, "Want as ons, terwyl ons nog vyande was, met God versoen is deur die dood van sy Seun, …" Laat ons hier 'n oomblikkie neem om daardie eerste gedeelte van die versie te ontleed, omdat dit die kernboodskap in die hele Bybel is. Dit sê vir ons dat ons vyande van God geword het toe ons sonde gedoen het. 'n Versoening was nodig indien ons enige hoop wou hê. Ten einde die sonde wat ons van God geskei het te verwyder, is 'n versoening nodig. Ons teks sê dat slegs die dood van Jesus so 'n versoening kan bewerkstellig.

Hoe het die kruis die vyandskap verwyder en die verhouding tussen God en die mens herstel? Wat het Jesus na daardie kruis

gedra? Op Hom, het Hy as plaasvervanger, die skuld van elke afstammeling van Adam en Eva geneem. Jesus het inderwaarheid aangebied om met elkeen van ons plekke te ruil. Hy sou ons veroordeling en doodstraf neem, dit na die kruis dra, en sodoende ons vrywaar van die straf van sonde. Tesame met ons straf wat Hy op Hom neem, bedek Hy die aaklige verslag van ons oortredings van die verlede. Hy bewerkstellig dit deur aan ons krediet te verleen vir Sy eie volmaakte lewe van gehoorsaamheid. Wat gee ons dus prys en wat ontvang ons van Hom? Ons gee ons dood prys in ruil vir Sy lewe; en gevolglik behandel God ons asof ons nooit gesondig het nie, en Hy behandel Jesus op die kruis asof Hy skuldig was aan al ons sonde.

Laat ons nou na die res van Romeine 5:10 kyk. Nadat Paulus die versoening wat deur die dood van Jesus bewerkstellig is, beskryf het, gaan hy voort, “veel meer sal ons deur sy lewe gered word nou dat ons versoen is.” Let asseblief daarop dat ons beide die lewe en dood van Jesus nodig het om volle verlossing te verkry. Die sonde van die verlede word bedek deur die toegerekende voordele van Sy versoenende dood, en toekomstige oorwinnings is verseker deur die toegedeelde voordele van Sy sondelose lewe in die vlees.

Ons kan nie die dade wat alreeds teen ons opgeskryf is, verander of verbeter nie. Dit kan alleen gekanselleer word deur aanspraak te maak daarop om Sy volmaakte gehoorsaamheid teen ons rekening te laat krediteer. Enige van ons toekomstige dade kan verander word deur deelagtig te word aan Sy oorwinnende ondervinding, terwyl Hy dit in ons gevalle natuur gelewe het. En dit bring ons by die tweede strategie wat Satan gebruik om mense te laat sondig.

## Die Goedkoop Genade Lokval

In hierdie skrander aanval, gebruik die groot vervalser ‘n ander argument. Dit klink soos volg: “Niemand kan gered word deur die wet te onderhou nie. Ons word nie deur werke geregverdig nie, maar deur genade deur geloof. Ons is nie onder die wet nie, maar onder genade. Dit is nie nodig dat ons die gebooie onderhou nie, solank ons net vir Jesus liefhet.” Weer eens besef ons dat daar baie waarheid is in dit wat hy sê, maar ook ‘n ontsettende neiging tot dwaling. Selfs al word ons nie deur werke geregverdig nie, word ons ook nie vrygestel van gehoorsaamheid nie.

Ontelbare menigtes was alreeds die prooi van hierdie slinkse benadering. Ek sien dit deurentyd in evangelisasie. Christene van verskillende agtergronde en genootskappe sal die eerste paar aande van die reeks ywerig saamstem, maar dan stel ons die onderwerp van die wet en genade voor. Onmiddellik ontketen dit ‘n reaksie. “Broer Joe, moenie met ons oor daardie ou wet praat nie. Ons word nie deur werke gered nie. Ons is onder genade, en deur daardie gebooie te onderhou, sal ons nie gered word nie.” Sien u die probleem? In ‘n uitermatige reaksie teen wettiesheid, neig hierdie opregte siele eerder na goedkoop genade en word byna teenstrydig in hulle sienings.

Hoe moeilik is dit om gebalanseerd te wees oor hierdie vraag van geloof en werke! Daar is twee uiterstes, en die duiwel gee nie om watter kant ons kies nie. Dit is soos om ‘n boot te roei met twee spane genoem “geloof” en “werke.” Indien enige van die roeispane nie werk nie, beweeg die bootjie slegs in ‘n sirkel. Baie mense beweeg in sirkels, omdat daar nie ‘n egalige beweging van hierdie twee belangrike aspekte van verlossing is nie. Die werklikheid is dat ons na twee punte van dieselfde stuk verwys. Dit is waarom daar geen teenstrydigheid in hierdie saak kan wees

nie. Ware geloof produseer *altyd* die goeie werke van gehoorsaamheid. Ware regverdiging bewerk sonder uitsondering heiligmaking. Die Bybel verklaar waarlik dat “Geloof sonder werke is dood.” Jakobus 2:26.

Ons grootste vyand, die duiwel, het met geslepenheid beide kante van die pragtige leerstelling van regverdigheid deur geloof, vervals. Hy het “geregtigheid” verdraai tot wettiesheid en “geloof” tot ‘n goedkoop plaasvervanger wat selfs nie eens gehoorsaamheid bewerkstellig nie. Iemand het daarna verwys as “slordige Agape,” omdat dit ook liefde afkraak tot ‘n vae gevoel.

In die Skrifte vind ek drie soorte geloof. Een is ‘n geloof wat selfs die duiwels besit, maar Jakobus maak dit baie duidelik dat hierdie soort gladnie werk nie. Dit is slegs ‘n verstandelike goedkeuring of ooreenkoms. Dit kan nie ‘n enkele persoon red nie. Die tweede werk, maar vir die verkeerde redes. Dit word baie goed geïllustreer deur die bestuurder wat ‘n stopteken by ‘n kruising sien. Hy het geloof in die teken en sy geloof werk; hy bring die motor tot stilstand. Maar waarom het hy stilgehou? Omdat hy bang was dat hy deur ‘n ander voertuig getref sou word? Of vrees dat die polisie hom dalk vanaf ‘n afstand dophou om hom ‘n boete te gee? Daardie soort geloof is ook onaanvaarbaar vir God omdat dit op vrees gebaseer is.

Ongelukkig het baie belydende Christene hierdie soort van brandtrap godsdiens. Hulle weet daar is ‘n vuur aan die einde van die pad, en hulle wil nie in daardie vuur beland nie. Hulle dwing hulleself dus om al die goeie dinge te doen wat hulle glo goeie mense behoort te doen. Hierdie is slegs ‘n ander vorm van wettiesheid waaroor ons vroeër gepraat het.

Die derde soort geloof, en die enigste soort wat God sal aanvaar, word in Galasiërs 5:6 beskryf, “Want in Christus Jesus het nòg die besnydenis nòg die onbesnedenheid enige krag, maar die geloof wat deur die liefde werk.” Daar het u dit. Daar is

die ware motief vir elke daad van gehoorsame nakoming van God se wet.

## Sonde en die Christen

Voordat ons egter wys hoe hierdie motivering van liefde die hartklop van alle ware aanvaarding deur God is, laat ons gaan na sommige van die mees dogmatiese stellings wat deur geïnspireerde skrywers gemaak was. Sommige sal selfs Johannes se taal beslis as oordadig klassifiseer, maar wees u die regter terwyl ons die woorde van daardie groot dissipel van liefde lees. Hou asseblief in gedagte dat Johannes die dissipel was wat teen Jesus se bors aangeleun het. Hy was ongetwyfeld die hartlike en mees sagmoedige van die twaalf dissipels. Hy het meer oor liefde geskryf as enige ander Nuwe Testamentiese skrywer, maar het waarskynlik ook meer te sê gehad oor die gebooie van God as enige ander skrywer.

Eerstens sal ons die eenvoudigste, bondigste definisie van sonde lees wat in die Heilige Skrif gevind word. Johannes het verklaar, “Elkeen wat die sonde doen, doen ook die wetteloosheid, want die sonde is wetteloosheid.” 1 Johannes 3:4. Hou asseblief hierdie teks duidelik in gedagte, want die res van die hoofstuk fokus op die aard van sonde en gebruik hierdie eksklusiewe definisie daarvoor.

Die teks is baie duidelik, maar ons moet die woord “wet” in hierdie versie bepaal. Na watter wet word daar verwys? Paulus beantwoord in ‘n gelyke bespreking oor sonde in Romeine 7:7. Hy vra: “Wat sal ons dan sê? Is die wet sonde? Nee, stellig nie! Inteendeel, ek sou die sonde nie anders as deur die wet geken het nie; want ek sou ook die begeerlikheid nie geken het nie as die wet nie gesê het: Jy mag nie begeer nie.” Hier is die betekenis onbetwisbaar. Paulus kwoteer direk uit die Tien

Gebooie en verklaar ondubbelsinnig dat sonde die verbreking van daardie wet is.

Dus, terwyl ons verder in 1 Johannes 3 lees, hou duidelik in gedagte dat die woord sonde in vers 4 gedefinieer is as die verbreking van die morele wet van die dekaloog. Vers 5 gaan soos volg voort met hierdie bespreking, "En julle weet dat Hy verskyn het om ons sondes weg te neem." Wat moes Jesus van ons wegneem? Ons sonde. Wat is sonde? Die verbreking van die Tien Gebooie. Hy het dus gekom ons te red van die oortreding van daardie wette. Hy het gekom om ons te help om nie te sondig nie.

Dan begin Johannes met 'n reeks radikale stellings van waarheid wat baie moderne Christene dronkgeslaan het. Hy het gesê, "Elkeen wat in Hom bly, sondig nie. Elkeen wat sondig het Hom nie gesien en Hom nie geken nie." Vers 6. Kragtig. Sommige mense is bekend vir vrymoedige prediking, maar ek het nog nooit sulke sterk woorde van enige lewende profeet of prediker gehoor nie. Die geliefde Johannes verklaar, "Elkeen wat aanhou om in ongehoorsaamheid aan die Tien Gebooie te wandel, het Jesus nooit gesien nie en weet niks van Sy verlossing nie." Skokkend? Inderdaad.

Maar wag. Daar is meer, en dit raak selfs kragtiger. Die volgende versie: "*My* kinders, laat niemand julle mislei nie: wie die geregtigheid doen, is regverdig soos Hy regverdig is. Hy wat die sonde doen, is uit die duiwel." Verse 7,8. Johannes dui met vrymoedigheid die verskil aan tussen valse belyers van die waarheid en die opregte.

Terloops, daar is groot betekenis in die woorde, "Laat niemand julle mislei nie." Dit vestig ons aandag daarop dat wat ookal onmiddellik volg, sal die voorwerp van groot misleiding en vervalsing wees. In Mattheus 24:3 het die dissipels vir Jesus uitgevra oor die tekens van Sy wederkoms en in vers 4 het Hy

geantwoord: “Pas op dat niemand julle mislei nie.” Toe het hy voortgegaan om die ontsettende verwarring te noem wat die eind-tyd prediking oor die “wegraping” sou kenmerk. Ons kan dus verwag dat soortgelyke wanbegrip die leerstelling van regverdigmaking deur geloof in die laaste dae sal vergesel. Die vraag oor wat sonde is, sal verwarring veroorsaak. Die leerstelling van gehoorsaamheid en die wet sal deurmekaar en verdraaid wees.

Johannes benadruk die belangrikheid van die waarskuwing dat geen regverdige persoon opsetlik ongehoorsaam aan die Tien Gebooie sal wandel nie. Hy gaan sover om te sê dat so ‘n individu in werklikheid van die duiwel sal wees, en gladnie ‘n Christen nie! Dan voeg hy die woorde by wat vir geslagte deur teoloë sowel as leke bespreek was, “Elkeen wat uit God gebore is, doen geen sonde nie, omdat sy saad in hom bly; en hy kan nie sondig nie, want hy is uit God gebore.” Wie is die saad van die vrou in die Bybel? Jesus is die ware saad, en die ware bekeerde kind van God het Christus wat in sy hart woon. En terwyl Jesus daar is, kan hy nie sonde doen nie. Om te kan sondig, moet hy Jesus uit sy hart verban. Christus is nie die gesant van sonde nie en kan nie die hart deel van een wat kies om opsetlik ongehoorsaam aan die gebooie van God te wees nie. Johannes sê nie dat ‘n Christen sy krag van keuse verloor nie, maar hy verklaar uitdruklik dat Christus nie in die hart van die opsetlike oortreder bly nie.

Laat ons hierdie saak van om sonde te doen, verduidelik. ‘n Vreemde leerstelling het sy pad in die Christelike kerk ingewurm deur die lering van Augustine en Johan Calvyn. Hierdie valse beskouing van geloofsoortuiging bevat die idee dat ons in opsetlike ongehoorsaamheid kan wandel en nog steeds die vesekering van verlossing kan hê. Dit is gladnie waar nie. Nietemin het miljoene die verdraaide konsep aanvaar dat

regverdigmaking ons posisie voor God verander maar nie ons toestand nie.

Die Calvinistiese siening is dat die bedekking van regverdigmaking ons aanvaarbaar maak in God se oë selfs al hou ons opsetlik aan om te sondig. In die finale ontleding word daar vir ons gesê dat die versoening ons in hierdie lewe verlos van die gevolge van sonde maar nie van die sonde self nie. In werklikheid verklaar die boodskap dat die versoening nie soveel die natuur van die Christen verander in verhouding met sonde nie as wat dit die natuur van die sonde in verhouding met die Christen verander. Vir een of ander rede, nadat ons Jesus aangeneem het, is sonde nie dieselfde dodelike faktor wat dit vantevore was nie. Om sonde te doen as 'n onbekeerde persoon, is ons gedoem tot vernietiging, maar om dieselfde sondes te doen nadat ons "gered" is, kan die Christen nie hel toe stuur nie.

Kan u sien hoe hierdie leerstelling probeer om die aard van sonde te verander in plaas van om die aard van die sondaar te verander? Is dit nie om 'n spel van godsdiens te maak nie? Regverdigmaking bedek nooit sonde wat ons aanhou om te doen nie. Regverdigmaking voorsien 'n totaal nuwe hart en lewe wat bekering genoem word en waardeur ons begin om 'n nuwe geestelike lewenstyl te vertoon. Regverdigmaking kan nie behou word terwyl opsetlike sondes gepleeg word nie. Dit is nie 'n mantel om voortdurende oortreding te bedek nie, dit is 'n geestelike transformasie wat beide die skuld en die krag van sonde verwyder.

Let baie goed daarop: Ware geloof bring altyd die goeie werke van gehoorsaamheid voort. Geloof sonder werke is dood. Jesus het na hierdie wêreld gekom om Sy volk *van* hulle sonde te verlos, nie *in* hulle sonde nie. Die Bybel sê baie oor sonde, maar nooit iets goeds nie. Byvoorbeeld sal u nooit in die Skrifte lees dat ons die hoeveelheid sonde wat ons doen, moet verminder nie.

Nêrens word ons vermaan om minder ongehoorsaam te wees of dit te verminder nie.

Sonde is geensins onderhandelbaar in God se oë nie. Ons moet die doen van alle bekende sonde heeltemal afkeur, verwerp, en versaak. Jesus het gesê, "Gaan en sondig nie meer nie." Hy het nie gesê, "Gaan en doen 'n bietjie minder van hierdie sonde nie"! Johannes het nie geskryf, "*My* kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle sodat julle minder sonde moet doen nie." Hy het gesê, "Ek skryf aan julle sodat julle nie meer moet sondig nie."

Johannes die Geliefde het geen doekies omgedraai in sy sendbrief oor sonde nie. Geen moderne prediker het dit nog ooit sterker gestel as wat hy gedoen het nie. Hy het verklaar, "Hy wat die sonde doen, is uit die duiwel." 1 Johannes 3:8. Hierdie onsin dat God ons regverdig ag terwyl ons opsetlik kies om aan te hou om Hom nie te gehoorsaam nie, word nie deur die Bybel ondersteun nie. Die evangelie is die krag van God tot verlossing, en daardie krag is in staat om ons van *alle* sonde te red sowel as van *'n enkele* sonde. Waarom moet ons glo dat 'n almagtige God ons sal vergewe en ons dan onder die krag van voortgesette sonde sal los? Dit sal God medepligtig maak aan ons sonde.

## Geoordeel deur Ons Werke

Laat ons ten slotte die feit oorweeg dat die oordeel sal plaasvind gebaseer op ons werke. Ek weet dat dit vir sommige wetties sal klink, maar die Bybel is uiters duidelik op hierdie punt. Johannes het geskryf: "En ek het die dode, klein groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke. … en hulle is geoordeel, elkeen volgens sy werke." Openbaring 20:12,13.

Hoe versoen ons hierdie woorde met wat ons oor God se

liefde en genade ontdek het? Is dit nie in teenstelling met Bybelse regverdiging dat werke die basis van die oordeel sal wees nie? Geensins wanneer ons in aanmerking neem hoe die werke geoordeel sal word nie. Die is onontbeerlik dat ons verstaan presies hoe God die dade van elke individu sal meet en toets. Wat bepaal of hulle aanvaar of verwerp word? Is dit hoeveel gedoen was? Indien ons genoeg "reg-doen" op ons rekening het, sal ons toegang kan kry? En sal ons buite gelaat word indien die werke nie voldoende is nie?

In die Bergpredikasie het Jesus 'n groot groep beskryf wat toegang tot die koninkryk van God sou soek. Ons het vroeër na hierdie versie verwys. Jesus het gesê, "Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie? En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk!" Mattheus 7:22,23.

Oorweeg die woorde van daardie ter elfder uur aansoekers noukeurig. Jesus het nie die waarheid van wat hulle gesê het bevraagteken of ontken nie. Hulle het gespog dat hulle *baie* werk gedoen het. Daar was nie 'n gebrek aan hoeveelheid nie. Die hoeveelheid was aanvaarbaar, maar dit is duidelik dat die werke nie op die basis van hoeveelheid geoordeel was nie – hulle was toegang geweier. Ons is egter meer verward wanneer ons lees oor die soort werke wat hierdie mense gedoen het. Hulle was "merkwaardig" sowel as "vele." Dit blyk asof die kwaliteit ook goed was. Miskien het een van hulle 'n miljoen rand gegee om 'n nuwe sinagoge te bou; nogtans was hulle nie toegelaat om in te gaan nie. Die raaisel verdiep. Watter ander faktore kon moontlik die oorsaak wees vir die ernstige vonnis, "gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk"?

Die antwoord word in die laaste boek van die Bybel gevind,

en wanneer ons dit lees, word die legkaart skielik voltooi en in fokus. In Openbaring 3:15 sê God, “Ek ken jou werke.” Natuurlik ken Hy dit, omdat Hy die verslag gehou het en die finale regter sal wees. Laat ons egter verder lees, “Ek ken jou werke, dat jy nie koud is en ook nie warm nie. Was jy tog maar koud of warm! Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug.” Openbaring 3:15,16.

Daar is die geheim van die hele aangeleentheid! Ons werke sal uiteindelik geoordeel word, maar nie volgens die *gewig* of die *hoogte* nie. Dit sal deur die *hitte* geoordeel word! Met ander woorde, ons gehoorsaamheid moet kom uit ‘n hart wat vol brandende liefde en toewyding aan God is. Die motief sal onthul en ondersoek word deur die alsiende oog van God. Geen hoeveelheid of soort menslike werk sal enige gewig dra in daardie dag nie, tensy dit uit ‘n vurige liefdesverhouding met Jesus gedoen is nie.

Hier kom ons by die skynbare teenstrydigheid van die geloof-werke kwessie. Werke is óf alles óf niks werd nie. Dit is ‘n soet geur van wierook voor God of dit kan ‘n gruwel wees. Alles hang af van die motief en wie die krag voorsien om die werke te doen. Werke van die vlees is die mens se pogings om homself te red, maar werke van liefde wat voortspruit uit die inwonende teenwoordigheid van die Heilige Gees, is presies die teenoorgestelde. Hulle getuig van opregte geloof en liefde.

God het daardie toets nie verander sedert die Tuin van Eden nie. Hy vereis nog steeds presies dieselfde soort gehoorsaamheid. Die enigste verskil is dat in Eden ons heilige ongevalle ouers, van nature, die krag gehad het om te gehoorsaam. Ongelukkig, as die kinders van die gevalle Adam en Eva, het ons menslike geaardhede geërf wat nie aan die wet van God onderworpe is nie, behalwe deur die wonderwerk van bekering en “Christus in u.” Dit is waarom Jesus verklaar het, “As

iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie." Johannes 3:3. En vir die ryk jongman wat gevra het, "Wat moet ek doen om gered te word?" het Jesus geantwoord, "Onderhou die gebooie." Mattheus 19:17.

Daar is geen teenstrydigheid in hierdie twee stellings van die Meester nie. Niemand kan gered word sonder om die wedergeboorte te ervaar nie, en niemand kan gered word wat die gebooie moedswillig oortree nie. Die twee dinge werk as twee dele van dieselfde verlossingservaring.

Die sentrale waarheid in al hierdie uitinge is dat niemand kan gehoorsaam wat nie bekeer is nie, en niemand wat bekeer is, sal met opset weier om gehoorsaam te wees nie. Laat niemand u oortuig dat werke onbelangrik of onnodig is nie, of dat die onderhouding van die gebooie wettiesheid is nie. Ondersoek egter u hart met groot sorg om die oorsprong te bepaal van die vrug wat u Christelike lewenstyl versier. As onderwerping aan God se wet die spontane uitvloeisel van u vreugdevolle, voortgesette verbintenis met Christus is, sal enigeen wat u dan van wettiesheid wil beskuldig, ontbloot word as bevooroordeeld en selfvernietigend. Aan die ander kant, sal u werke van liefde uitstaan as die teenoorgestelde van wettiesheid, "Want ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel." Efesiërs 2:10.